

## 2 Februarie - BEKLEE

**Skrifgedeelte: Galasiërs 3:19-29 (OAV)**  
**Fokusgedeelte: Galasiërs 3:27 (OAV)**

**O**ns lees die eerste keer van klere wanneer God vir Adam en Eva rokke van vel gemaak het in die paradys. Hulle was voor God ontbloot gewees in hulle sonde, en tog was God hulle genadig. Ons weet dat hierdie dierenvelle nooit genoeg kon wees om hulle sonde voor God toe te maak nie, dit was 'n profesie van die versoening in Christus.

Daarom roep Paulus die Galasiërs op om hulle met Christus te beklee. Die wet en die onderhouding van die wet kan nie jou sonde voor God bedek nie. Die enigste manier waarop ons sonde-naaktheid voor God bedek kan word, is in Christus. Wanneer ons voor God staan, is dit asof ons nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ons self so gehoorsaam was as wat Christus self was (HK So 23). Dit is net so omdat ons heeltemal met Christus bedek is, soos wat 'n mens klere aantrek wat jou heeltemal toemaak.

Hoe doen 'n mens dit? Hoe beklee jy jou met Christus? Deur die geloof. Wie in Christus glo, is met Hom verenig en is daarom met Hom beklee. Die oproep is om geen ander bedekking voor God te soek as Christus alleen nie.

Watter troos en oproep is dit dan nie! Wanneer jy met Christus beklee is, is jy vry van die sonde se mag, en dan moet jy leef soos iemand wat met Hom beklee is.

Die ontsaglike troos dat jy nie meer aangekla kan word voor God nie dring elke gelowige om nou soos iemand te lewe wat nie meer aangekla kan word nie. Dit beteken skuldgevoelens mag jou nie neertrek op jou pad van geloofsgroei nie.

Dit beteken dat jy nie net voor God met Christus beklee is, maar ook voor die wêreld. Wanneer die wêreld jou sien, moet hulle ook vir Christus in jou sien, want jy is immers met Hom beklee!

*Sing: Psalm 85:1, 2 (1936-beryming)*

*Ds RA Bain (Cachet)*